


# KINDERWERKKAART – MATT.11:28







Skryf op elke klip hieronder iets wat jou bang of bekommerd maak:




Lees 1 Petrus 5:7.  Wat sê Jesus oor jou bekommernisse in hierdie vers?

Neem dit op jou...



of gooi dit op Hom...



Glo jy dat Jesus groter is as die dinge wat jou bekommerd/ bang maak? ______________________________

Glo jy dat Hy vir jou sorg? ____________________________

## OUERTOERUSTING VIR DIE WEEK

- Lees deur die hele hoofstuk van **Matteus 10** saam met jou kind(ers) in hierdie week.
- Let op hoe Jesus drie keer sê: "Moenie bang wees nie..."
- Let ook op die redes wat Hy elke keer gee en lê dit vas by jou kinders.
- Sing saam Lied 514 " Ek weet vir seker" – altwee verse

**Lied 514: Ek weet vir seker**

Ek weet vir seker: Jesus is Heer -

Hy het my sonde uit liefde vergeef.

Ek was verlore, maar is gevind;

nou het ek vrede - ek is Gods kind.

Hy is my leidsman - Hy laat my leef.

Hy is oorwinnaar - Hy is die Heer.

Uit sy genade, liefde en trou,

weet ons hoe God sy kinders behou.

Lig is sy las en sag is sy juk.

Hy gee vermoeides die ware geluk.

Selfs as ek struikel, en dit berou -

Hy sal vergewe, Hy bly getrou.

Hy is my leidsman - Hy laat my leef.

Hy is oorwinnaar - Hy is die Heer.

Uit sy genade, liefde en trou,

weet ons hoe God sy kinders behou.